Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 27

16 Augustus 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MOUNT PLEASANT-SPORTDAG
Sterkte aan al die sportspanne (skaak, tennis, rugby en netbal) wat vandag en môre aan hierdie geleenthede deelneem. Ek hoop dat dit 'n aangename dag vir al ons spelers en hul ouers sal wees en dat sportmanskap die uiteindelike wenner sal wees!

OUERS OP SKOOLGRONDE
Ons rig 'n baie ernstige beroep tot ons ouers om asseblief onder geen omstandighede voor skool en tydens skoolure die skoolgronde te betree of na klaskamers te gaan nie. **Meld te alle tye by ontvangs aan en ons sal u graag help sover ons kan.** Dankie vir u begrip en samewerking.

BORGSKAP : SPANKLERE
As daar enigiemand is wat o/13B rugby- en netbalspanne se klere vir 2025 wil borg, kontak ons gerus by admin@lnpark.co.za

GESINSKAMP 30 AUGUSTUS – 1 SEPTEMBER 2024
Ons is baie opgewonde oor die gesinskamp wat by Willows gaan plaasvind. **Daar is nog 'n aantal staanplekke beskikbaar. Soos u dan inbetaal volgens die voorskrifte op die omsend-brief, kan u 'n staanplek by Mev. Laas kom kies deur 'n epos na haar by fin@lnpark.co.za te stuur.**

PLASING VAN HUISWERK
REKENAAR - Google Drive: Huiswerk vir alle grade sal aflaaibaar wees vanaf 'n google-drive rekening. Volg hierdie skakel om toegang tot hierdie lêers te kry:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

Hierdie skakel bly deur die loop van die jaar dieselfde, so u kan weekliks hierdie skakel volg om die huiswerk te bekom.
Vir meer inligting rakende die gebruik van google drive en hoe om hierdie lêers te bekom, volg gerus die volgende skakel:
https://www.youtube.com/watch?v=4i4BP0vgK-c&ab_channel=Mr.Vacca

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, dan doen ons bestellings.

FACEBOOK-BLAD: SKOOLKLERE
Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebook-blad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2024 is daar 'n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur of te EFT om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2024, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 19 Augustus	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Netbal : 0/12B teen Greenwood **(t)** Netbal : 0/13B teen Greenwood **(t)**
Di – 20 Augustus	:	Senior Koor : **07:25 tot 08:00** **TOETS :** LO graad 7 **TOETS :** NW/Teg graad 4 tot 6 Tennis: Senior A teen Lorraine **(t)** Tennis: Senior B teen Collegiate **(w)** Tennis: Senior C teen Mount Pleasant **(w)** Tennis: Senior D teen Blouwaterbaai **(w)**
Wo – 21 Augustus	:	Junior Koor : **07:30 tot 08:00** Klerewinkel: **12:00 tot 14:30** Netbal : 0/10B teen Piet Retief **(t)** Netbal : 0/11B teen Piet Retief **(t)**
Do – 22 Augustus	:	Senior Koor : **07:25 tot 08:00** **TOETS :** Tegnologie graad 7 **TOETS :** LV graad 4 tot 6

Netbal : 0/10B teen Greenwood **(w)**
Netbal : 0/11B teen Greenwood **(w)**
Netbal : 0/12B teen Piet Retief **(w)**
Netbal : 0/13B teen Piet Retief **(w)**
Netbal : 0/9B teen Piet Retief **(w)**

Vr – 23 Augustus : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Graad 7-entrepreneursdag

Sa – 24 Augustus : *** Juffrou Lizé Austin verjaar**

SPORT EN KULTUUR

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
15 Augustus	0/11B	Sunridgepark	LNP verloor 0 – 50
15 Augustus	0/13B	Sunridgepark	LNP verloor 5 – 47

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
12 Augustus	0/7A	Walmer-Wes	LNP wen 4 – 0
12 Augustus	0/8A	Walmer-Wes	LNP verloor 0 – 1
12 Augustus	0/9A	Altona	LNP verloor 3 – 8
12 Augustus	0/9B	Altona	LNP verloor 0 – 8
12 Augustus	0/10C	Altona	LNP verloor 0 – 12
12 Augustus	0/10D	Altona	LNP verloor 1 – 12
12 Augustus	0/11B	Altona	LNP verloor 0 – 7
12 Augustus	0/11C	Altona	LNP verloor 1 – 7
12 Augustus	0/12A	Walmer-Wes	LNP wen 9 – 4
12 Augustus	0/13A	Walmer-Wes	LNP verloor 9 – 13
15 Augustus	0/9A	Walmer-Wes	LNP wen 12 – 0
15 Augustus	0/10A	Walmer-Wes	LNP wen 6 – 3
15 Augustus	0/11A	Walmer-Wes	LNP wen 5 – 2
15 Augustus	0/12A	Altona	LNP wen 19 – 3
15 Augustus	0/12B	Altona	LNP verloor 3 – 6
15 Augustus	0/13A	Altona	LNP verloor 5 – 7
15 Augustus	0/13B	Altona	LNP verloor 5 – 11

RUGBY : VERKENNER 0/13-TOERNOOI

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
8 Augustus	0/13A	Charlo	LNP wen 36 – 12 en verower ‘n 3de plek in die toernooi. Ons is trots op julle, manne!

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 Augustus	Senior A	Handhaaf B	LNP wen met 14 potte
13 Augustus	Senior B	Lorraine B	LNP wen met 6 potte
13 Augustus	Senior C	Clarendonpark C	LNP verloor met 10 potte

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
15 Augustus	Junior A	Mount Pleasant	LNP wen 5.5 – 1.5
15 Augustus	Junior B	Mount Pleasant	LNP wen 7 – 0
15 Augustus	Senior A	Mount Pleasant	LNP wen 4.5 – 2.5
15 Augustus	Senior B	Mount Pleasant	LNP wen 4 – 3

TENNIS : EDEN MINI-SERIES
Kean Kloppers in graad 4S het verlede naweek aan die Eden mini-series in George deelgeneem. Hy het in ‘n baie sterk groep 0/12 spelers gespeel en ‘n top-15 plek behaal. Kean het ook deurgedring na die semi-finale van die 0/10-afdeling en ‘n taai 3-stel wedstryd verloor waarna hy sy 3de en 4de uitspeelwedstryd gewen het om 3de te eindig. Baie geluk, Kean!

FRIENDLY CITY DANCE FESTIVAL
Ava Marais in graad 2B het op 6 Augustus aan die Friendly City Dance Festival deelgeneem en ‘n silwer medalje vir haar ballet item ontvang. Baie geluk, Ava!

FRAMESBY NETBAL-TOERNOOI
Marli Stander in graad 6H en Lacey van Rensburg in graad 5D verlede naweek aan die Framesby Netbalklub-toernooi deelgeneem waar hulle die Framesby Netbalklub verteenwoordig het. Hulle het 5 wedstryde gespeel waarvan hulle 3 gewen het. Baie geluk, julle!

SOKKER
Brayden de Vos Graad in graad 2D speel buitemuurse sokker vir Old Grey. Hulle span, die Old Grey Jaguars (0/9 First Division) het verlede Sondag teen Priory Hawks gelykop gespeel 1 – 1. Baie geluk, Brayden!

Die Callies Highlanders (Aaron Nortier (Gr 5D) en Wian Floor (Gr 4S) het 9 Augustus teen Old Grey Jaguars gespeel en 3-0 verloor, ‘n verbetering van ‘n vorige wedstryd waar hulle teen dieselfde span 6-1 verloor het. Die verdedigers was regtig op hul pos deur die hele spel gewees. Old Grey Jaguars is nou nommer 1 in die Liga.

Op 11 Augustus het Callies Highlanders teen Priory Lynxes gespeel en 2 – 0 gewen. Wian Floor (Gr 4S) was tydens daardie wedstryd die beste verdediger gewees. (Aaron was ongelukkig afwesig gewees). Baie geluk, manne!

Diskonto Boeke kom besoek
LAERSKOOL NEWTON PARK
Jy word uitgenooi
Uitstallingstye 2024:
26 Augustus [10:00 - 15:00]
27 Augustus [07:00 - 13:00]
* Alle ouers is welkom *
Kontant en kaarte word aanvaar
Vir meer inligting kontak
Andries 072 953 7996
www.diskontoboeks.co.za

TOMBOLA
Hierdie jaar gaan ons groot!
Wat is 'n basaar sonder 'n tombolatafel?
Ons soek asb enige bydraes vir die tombolatafel.
Kyk asseblief in u huis of daar enige iets is wat u nie meer gebruik nie en wat 'n kinder -en ouerhart kan bly maak.
Dit is nou jul kans om van al jul 'wit olifante' en 'meskien' kry ek dit later nodig' items ontslae te raak.
Byvoorbeeld :
Ou speelgoed, skryfbehoeftes, kinderboeke, lekkergoed, teddies, juwele, ornamente, meubels, kunswerke, kombuisgoedere, bv. ongebruikte werkende toebehore, breekware, werkende toerusting, ens.
Stuur dit asseblief voor of op Maandag, 2 September 2024 skool toe.
Baie dankie vir u hulp!!
OOV

LAERSKOOL NEWTONPARK
BASAAR
6 SEPTEMBER 2024
SPELETJIES VANAF 13:00
KOSVERKOPE VANAF 14:00
BESTELLINGS EN BETALINGS KAN OP DIE KARRI-TOEP GESKIED. BESTELLINGS SLUIT MAANDAG, 2 SEPT 2024. 'N BEPERKTE AANTAL EKSTRA BASAARKOS SAL OP DIE DAG BESKIKBAAR WEES.
PANNEKOEK
BASAARKOS
TOMBOLA
TEETUIN
LEKKERS
POEDING